DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**30 Mei 2021**

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Handelinge 8: 26-40 |
| **Tema** | Gaan waar die Heilige Gees jou stuur. |
| **Sang** | Psalm 107: 1, 10<br>25: 2<br>119: 7, 14<br>33: 5, 6<br>Skrifberyming 18-7: 3, 10, 12 |

Filippus is deur die Here gestuur. Daar was twee paaie wat van Jerusalem na Gasa gelei het. Hy moes nie na die hoofweg gaan nie, maar na die eensame pad waar daar min verkeer was. Op daardie eensame pad was daar iemand wat na Jesus Christus gesoek het.

Ethiopië van daardie tyd was geleë waar die huidige Soedan is, net suid van Egipte (Kus van die OT). As Minister van Finansies van die koningin, was die mens 'n eunug of ontmande persoon (sien NAV), en hy sou nie, al het hy in God geglo, tot die gemeente van Israel kon behoort nie (Deut 23:1). Hy was 'n ernstige soeker na die diens van die ware God. Vir hom sou die profesie in Jes. 56:4-5 daardie dag in werking tree: "So sê die Here: Aan die ontmandes wat my sabatte onderhou, wat kies vir wat Ek wil, en wat lewe volgens my verbond, aan hulle sal Ek in my tempel en aan sy mure 'n teken gee, 'n erenaam wat beter is as seuns en dogters. Ek sal aan sulke mense 'n naam gee wat nie uitgewis sal word nie".

Hy sit op sy wa en lees hardop uit Jesaja 53 en Filippus vra vir hom: "Verstaan u wat u lees?". Op sy antwoord word die Evangelie aan hom verduidelik. Sy oortuiging was duidelik toe hy sê: "Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is" (v 37). Die feit dat hy 'n ontmande en 'n buite-lander was, het hom nie verhinder om deel van die Christelike gemeente te word nie. (In die oudste tekste van Handelinge verskyn daar nie 'n v 37 nie. Die '53 Vertaling het vers 37 en volg die meerderheidsteks. Die '83 en die 2020 vertaling volg die oudste tekste).

Dit was seker vir Filippus moeilik om te begryp waarom die Here hom uit Samaria, waar hy met 'n groot werk besig was, weggestuur het na 'n eensame pad. Hy het egter nie gehuiwer nie en het die wa tegemoet gehardloop toe die Here aan hom sê dat hy daarheen moes gaan. Stap vir stap het dit vir hom duidelik geword waarom hy moes gaan, en wat hy moes gaan doen. Met die doop van die minister was sy taak afgehandel.

Hoe goed ken ons die Bybel om iemand in ‘n sendingsituasie te leer? Soms wonder ons oor die werk van die apostels. Hulle praat met vrymoedigheid, hulle maak gesond, wek op, spreek sonde aan en nog meer. Maar hier het ons met Filippus te doen, ‘n diaken van die kerk van Jerusalem. Eintlik “maar net” ’n gelowige. Hoe weet hy dat hy moet gaan, en hoe kan hy seker wees dis die Gees van God? Dit kom uit die beloftes van Jesus tydens sy hemelvaart, dat Sy volgelinge krag sal ontvang wanneer die Heilige Gees oor hulle kom. En so kragtig werk die Gees dan dat ons eintlik van die Handelinge van die Heilige Gees moet praat.

Om op die Gees te vertrou vir leiding en krag, was vir die vroeë kerk nie vreemd nie, want dit is hoe Jesus belowe het dat Hy by hulle sou wees. Dit mag vandag ook nie anders wees nie. Wanneer ons waarlik dissipels (volgelinge) van Jesus is, moet ons Hom so intiem volg dat dit die mees natuurlike ding is om te gaan waar die Heilige Gees my stuur. Dan sal dit nie uitgesonder word as “tekens van die Gees nie”, maar wel gehoorsaamheid aan die Gees. Die vraag is: Is ons verhouding met ons die Here Jesus Christus so volkome dat ons sal weet as die Gees ons stuur? Dat dit die mees natuurlike ding vir ’n kind van God sal wees? Mag jy die opdrag duidelik hoor: GAAN! Doop en leer die nasies.

‘n Paar gedagtes vir selfondersoek: Wanneer ek swaarkry, kla ek of verkondig ek die Woord? Die apostels het in Jerusalem agtergebly. Dit was dus gewone lidmate wat in hulle omstandighede die evangelie versprei het. Wat doen ek? Is ek bly wanneer die Evangelie grense (Samaria en Ethiopië) deurbreek? Onthou: Deur God se genade het vlugtelinge sendelinge geword.

# OOG VIR MEKAAR



* Tannie Esther Venter is in die versorgingseenheid van Macadamia opgeneem. Ons bid haar en die familie die seën van die Here toe.
* Ons bid vir herstel vir almal wat Covid het: Tannie Lenie Botma, Gavin en Lana Nel, asook Antoné Weideman (Antonie en Toesie se dogter en Susan se kleindogter).
* Ons is dankbaar dat Annette Kruger steeds op die herstelpad is na haar knievervanging.
* Ons bid vir Antoinette Sauerman wat steeds op haar rug is, nadat daar kookwater op haar voete geval het.
* Ons bid vir Rika Schutte wat behandeling vir kolonkanker ondergaan. Ons is dankbaar dat die newe-effekte onder beheer is.

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 2 Junie 2021 | 18:30 | Kerk | Bybelstudie |
| 2 Junie 2021 | 19:00 | Alta Theron | Bybelstudie |
| 3 Junie 2021 | 09:30 | Alta Theron | Bybelstudie |
| Woensdae | Tyd sal | bevestig word **(Jongwerkendes** | Bybelstudie **kontak Roelof Venter)** |
| Sondae na | erediens | Gideon De Klerk | Bybelstudie |

# DIAKONIE

Die diakonie wil dan ook ons lidmate vra vir skenkings van lyfroom en lip salf, ons het baie  afgetrede lidmate wat in ouetehuise woon en wat nou met die winter wat hier is die items baie nodig het.

Dan is die diakonie se kos rakke ook leeg, en daarom vra ons skenkings van geblikte en droeë produkte om ons te help om almal wat versorg moet word te kan versorg. Skenkings van sop bottels gevul met een koppie elk van rys, ertjies, lintels , boontjies en ’n “stock” blokkie , kan by die kantoor afgelaai word. Dit kan ’n hele gesin die winter van ’n smaaklike ete voorsien.



## *GEDAGTE VIR DIE WEEK*

*Daar is immers net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus wat Homself as 'n losprys vir almal gegee het. Dit was op die bestemde tyd die bewys van die bedoeling van God.*

*1 Timoteus 2: 5, 6.*



# KALENDER



| Verjaarsdae | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend /Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 30 Mei | Riana Olivier<br>Marizane Meintjies | 55<br>21 | B<br>B | 082 460 8286<br>060 994 0968 |
| Ma 31 Mei | Martinus vd Walt<br>Domenique Saunders | 66<br>18 | B<br>D | 082 822 6328<br>072 485 9423 |
| Di 1 Jun | ***Joey Smit **** | ***77*** | B | 072 124 4843 |
| Wo 2 Jun | Chris Botha<br>Elzánne Botha | 27<br>25 | B<br>B | 083 608 4684<br>076 572 0991 |
| Sa 5 Jun | Elmari vd Merwe | 56 | B | 082 450 8045 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 30 Mei 1970 | Dewald en Sarie Hattingh | 51 | 082 567 0518<br>082 460 3237 |
| 31 Mei 2014 | Hennie en Lynn-Marié Combrink | 7 | 073 318 8142<br>065 944 8581 |

# ATTESTATE ONTVANG & GESTUUR

**ONTVANG :**
**BELYDENDE LIDMAAT:**
Francois Philippus Venter (Francois) vanaf GK Cachet Potchefstroom.

**GESTUUR :**
**BELYDENDE LIDMATE:**
Deon en Elzia Boshoff na GK Jeffreysbaai.
**DOOP LIDMAAT:**
Dewan Boshoff

# KONSISTORIEDIENSBEURT 30 MEI 2021

**Diensbeurt:** Wyk A3

**Katkisasie:**

**Ouderling:** Andre Bakker

**Diaken:** Juan vd Merwe

# TEESKINKBEURTE

**30 Mei 2021**





| | | |
|---|---|---|
| Magda Heinlein | C1 |
| Gerdien Kuipers | C1 |
| Marietjie Venter | C1 |
| Elmari vd Merwe | C3 |
| Ansie Venter | C1 |

**6 Junie 2021**

| | |
|---|---|
| Sandra Eloff | D3 |
| Annemarie Du Plessis | D1 |
| Leoné Oosthuizen | D4 |
| Zani Prinsloo | D1 |
| Ina Erasmus | D2 |

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
R 200 000.00
R 180 000.00
R 160 000.00
R 140 000.00
R 120 000.00
R 100 000.00
R 80 000.00
R 60 000.00
R 40 000.00
R 20 000.00
R -
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES


DIAKONIE INKOMSTE & UITGAWES 2021
R -
R 10 000.00
R 20 000.00
R 30 000.00
R 40 000.00
R 50 000.00
R 60 000.00
JAN
FEB
MRT
APR
R 9 420.00
R 25 297.05
R 36 533.50
R 50 317.40
R 41 630.70
R 22 141.76
R 23 858.80
R 35 979.75
INKOMSTE
UITGAWES


BASAAR
SATERDAG OGGEND
28 AUGUSTUS 2021
08:00
BOERE ONTBYT
Vleis
Pannekoek & koffie
Kerrie & rys
Witolifant
NEEM KENNIS !!!!
TENTATIEWE DATUM
Gereformeerde Kerk
Pietersburg
h/v Mcdonald- &
Erasmusstraat
Navrae Daleen 0794902678 / Johan 0825561956

# GEMEENTEKAMP



***Chalet Grootte***

1 x DB Bed en 1 Enkel bed R 2 000.00 (4)
4 x Enkel Bed R 2 500.00 (1)
1 x DB Bed en 3 Enkel bed R 2 500.00 (1)
4 x Enkel Bed R 2 500.00 (1)
1 x DB Bed R 1 500.00 (1)
2 x Enkel Bed R 1 500.00 (1)
1 x DB Bed R 1 500.00
5 x Enkel Bed R 2 500.00 (3)
11 x Bunk Bed (Eie beddegoed) R 300.00 p/p (5)
10 x Bunk Bed (Eie beddegoed) R 300.00 p/p (2)

***Karavaan en Kamp plekke***

R 900.00 vir 4 persone /
ekstra persone 'n 2 de staanplek of
R 300.00 p/p

**Vanaf 23 tot 26 Sept by Jabuwoni**

**Voorkom teleurstelling bespreek NOU!!!**

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Toe sê die Gees vir Filippus: "Gaan loop saam met daardie wa."*

*Handelinge 8: 29*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS